

VERKRAAGTING BINNE DIE HUWELIK



Hiermee verklaar ek julle nou man en vrou.

BY DIE TROU

Hulle lyk so gelukkig. Hulle gaan 'n wonderlike lewe saam hê.



'N JAAR LATER ...

Jy is my vrou. Jy moet alles doen wat ek sê.

Maar toe ons getroud is, het ons gesê ons gaan gelyk wees.



VYF JAAR LATER ...

Waar was jy? Ek het jou voor die huis met 'n ander man sien praat. Jy behoort aan my, jy mag nooit weer met hom praat nie.

Ek is so ongelukkig. My man gebruik geweld teenoor my. Ek voel onveilig in my eie huis.



VROU- EN KINDERBESKERMINGSSEKSIË



Ek het gekom om 'n verkragtingszaak te rapporteer. My man was die verkrachter.

Ek is bly dat jy dit kom rapporteer het. Die wet sê dit is verkragting as iemand gedwing word om 'n seksuele daad te doen. Dit beteken dat 'n vrou se man haar kan verkrag net soos enige vreemdeling.



Ek neem jou nou dokter toe. Hy sal jou ondersoek om bewyse te kry. Hy sal ook vir jou medisyne gee wat jy kan nodig hê om 'n MIV-infeksie te voorkom en om te sorg dat jy nie swanger raak nie.

Ja, ek het dit nodig. Ons gebruik gewoonlik 'n kondoom, maar hierdie keer het hy nie. Ek dink hy het by ander vrouens geslaap en nou het ek dalk 'n MIV-infeksie gekry.

Ek gaan vir jou pille gee. Ons noem dit post-exposure prophylaxis (PEP). Dit kan help om 'n MIV-infeksie te keer. Ek gee vir jou pille vir drie dae, sodat ons jou MIV-status kan vasstel. As die toets negatief is, moet jy die pille vir 'n maand drink. Moenie vergeet om dit te drink nie, want dan sal dit nie werk nie.



En om swangerskap te voorkom moet ek die medikasie binne 72 uur neem?



Ja. Ek gaan datums in jou gesondheidspaspoort skryf. Op daardie dae moet jy my weer kom sien. Dan sal ons nog 'n MIV-toets en 'n swangerskaptoets doen.



'N JAAR
LATER ...

Ek is 'n aanklaer. Mōre sal ek aanvoer dat jou man skuldig is daaraan dat hy jou verkrag het. Ek gesels nou met jou om jou te wys hoe 'n hofsaal lyk en om te verduidelik wat in die hof gaan gebeur. Omdat jy vir 'n spesiale reëling vir jou saak gevra het, sal daar 'n skerm tussen jou en jou man wees. Dit beteken hy sal in dieselfde vertrek wees as jy getuig, maar jy sal hom nie hoef te sien nie.



Jy kan jou aanklaer kontak om 'n ontmoeting te reël as hy of sy jou nie kontak nie. Om uit te vind wie die aanklaer is, kan jy die polisiebeampte wat jou saak ondersoek, kontak.

Die wet sê dat spesiale reëlings getref kan word vir kwesbare getuies. 'n Kwesbare getuie is enige slagoffer van 'n seksuele oortreding. Spesiale reëlings kan wees om die hofsaak in 'n meer informele plek te hou wanneer jy getuienis moet gee, om die meubels in die hofsaal anders te rangskik of die mense op ander plekke te laat staan, of iemand wat jou kom ondersteun, toe te laat om by jou te wees. Party howe het selfs geslotebaantelevisie. As daar televisietoerusting is, hoef jy nie eers in dieselfde vertrek as die beskuldigde te wees nie. As jy spesiale reëlings vir jou verhoor wil hê, moet jy dit so gou as moontlik met die aanklaer bespreek.

DIE DAG VAN DIE VERHOOR ...



Ek is bly hulle het vir ons ons eie plek gegee om vir die verhoor te wag. Ek is so bang ek sien dalk my man.

Ja, die hof kan baie dinge doen om 'n verkragtingsverhoor 'n bietjie makliker te maak vir die persoon wat verkrag is.



Jy sal nou-nou moet kom getuig. Terwyl jy besig is, mag jou vriendin langs jou sit. Sy mag nie met jou praat terwyl jy getuig nie, maar sy kan jou geestelik ondersteun.



Hy het my bed toe gesleep en my klere van my afgeruk. Ek het aangehou sê hy moet ophou, maar hy wou nie.



Jy het 'n ernstige misdaad gepleeg. Die huwelik of enige ander verhouding kan nooit as verskoning gebruik word in 'n klag van verkragting nie. Vir hierdie oortreding vonnis ek jou tot tien jaar tronkstraf.



Jy was baie dapper in die hof. Ek was trots op jou. Meer nog, ons hele gemeenskap is trots op jou. Kom kyk.

Die verhoor was vir my baie emosioneel, maar ek is bly ek het nie my getuieis teruggetrek nie. Om deur te gaan met die hofsak het my oortuig dat ek die regte ding doen. My man het 'n ernstige misdaad gepleeg.

Baie mense is bang om openlik te praat oor dinge soos huishoudelike geweld en verkragting. Hierdie voorval was vir ons almal 'n voorbeeld van hoe belangrik dit is om misdaad te rapporteer wanneer dit gebeur.

Baie mense is bang om in die openbaar oor hierdie dinge te praat omdat hulle bang is vir wat die mense in die gemeenskap sal sê. Maar ons wil wys dat ons by ons vriendin staan. Verkragting is 'n ernstige misdaad en moet gestraf word.



Mans is dikwels groter en sterker as hulle vrouens. Hulle behoort nie hulle krag te gebruik om hulle vrouens te misbruik nie.

Die Bybel sê nie dat 'n man sy vrou mag verkrag nie. As mense die Bybel gebruik om geweld te regverdig, verstaan hulle dit heeltemal verkeerd.

Selfs as jy lobola vir jou vrou betaal het, maak dit haar nie jou eiendom nie.

Ek is bly mense begin openlik praat oor geweld in ons huise. Ek is seker ek word in 'n veiliger omgewing groot as gevolg daarvan.

Namibië het goeie wette, maar dit het mense lank geneem om meer daarvan te leer en dit te verstaan. Ek is bly dat die wette nou werk.

WAT IS VERKRAGTING?

Verkragting is 'n seksuele daad wat op iemand afgedwing word.

Verkragting is nie net seksuele omgang nie; dit behels 'n hele reeks seksuele dade.

Dit is verkragting as die seksuele daad plaasgevind het as gevolg van dwang of dreigemente, of in omstandighede waar jy geen vrye keuse gehad het nie.

'n Huwelik of enige ander verhouding is GEEN verweer teen 'n klag van verkragting nie.

WAT OM TE DOEN AS JY VERKRAG IS

As jy verkrag is, rapporteer die verkragting dadelik by 'n Vroue- en Kinderbeskermingseenheid, of by enige polisiekantoor. Vroue- en Kinderbeskermingseenhede is oop van 08:00 tot 17:00, Maandag tot Vrydag. As dit in die aand of oor 'n naweek gebeur, kontak die naaste polisiekantoor. Hulle sal vir jou 'n personeelid van 'n Vroue- en Kinderbeskermingseenheid in die hande kry. 'n Persoon verbonde aan die Vroue- en Kinderbeskermingseenheid behoort 24 uur 'n dag op bystand te wees.

As jy nie by 'n Vroue- en Kinderbeskermingseenheid kan uitkom nie, vra iemand by enige polisiekantoor om jou na 'n hospitaal te neem. As hulle weier, gaan self na 'n hospitaal toe. Dit is belangrik dat jy so gou as moontlik deur 'n dokter ondersoek word. Sê vir die dokter dat jy verkrag is.

Hoe om bewysmateriaal te help bewaar:

- Moet jou nie was nie
- Moenie ander klere aantrek nie
- Moenie die plek netjies maak waar die verkragting plaasgevind het nie
- Moenie enigiets eet of drink nie

WAAROM JY 'N VERKRAGTING BEHOORT TE RAPPORTEER

Jy het baie moed nodig om 'n verkragting te rapporteer, maar as jy dit nie doen nie, kan die verkragter nie gestraf word nie. Die verkragter sal loskom en miskien iemand anders verkrag.

Die wet beskerm jou privaatheid as 'n slagoffer van verkragting. Dit is onwettig vir koerante, die radio of televisie om inligting bekend te maak wat jou identiteit bekend sal maak.

HET JY

... 'n VRAAG?

... 'n OPMERKING?

... NEED MORE INFORMATION?

KONTAK ONS!


SMS: 081-6000098

E-pos: comic@lac.org.na

Faks: 088-613693

Posadres: Posbus 604 Windhoek

Ons wil graag weet wat jy van hierdie strokiesprent dink.



Vir meer inligting oor die Wet op die Bekamping van Verkragting, die terugtrek van 'n verkragtingsaak, of om afskrifte te kry van ons publikasies, kontak gerus die Legal Assistance Centre.

Teks:
RACHEL COOMER

Illustrasies, ontwerp en uitleg:
DUDLEY VIALI en PERRI CAPLAN

Projektoesig:
RACHEL COOMER en DIANNE HUBBARD

Finansiering:
NEDERLANDSE MINISTERIE VAN
BUITELANDSE SAKE, MDG3-FONDS

Drukwerk:
JOHN MEINERT PRINTING (EDMS) BPK

Litgewer:
GENDER RESEARCH &
ADVOCACY PROJECT,
LEGAL ASSISTANCE CENTRE,
2010

Hierdie strokiesprent mag vryelik gekopieer word vir opvoedkundige doeleindes op voorwaarde dat erkenning aan die bron gegee word.

'n Elektroniese weergawe van hierdie publikasie is beskikbaar op die LAC-webwerf: www.lac.org.na

